Beperkings wat die reg tot vuurwapeneienaarskap kan belemmer

In ons inligtingstuk oor die definisies vervat in die teenstrydige konsepwysigingswetsontwerp, het ons kommer uitgespreek oor die breer beskrywing ten opsigte van beperkte vuurwapens (restricted firearms.) Toestelle en ammunisie is nou by Artikel 4 gevoeg wat voorsiening maak vir die verbod op eienaarskap van sulke wapens, wat dit baie meer verreikend as wat nodig is.

Die volgende beskrywing is by die konsepwetsontwerp gevoeg:

(**a) by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph**

(a) any fully automatic firearm or a device or conversion kit to convert a semi-automatic firearm to a fully automatic firearm

Ons kommentaar/opinie: *Hierdie wysiging verbied die gebruik van toestelle wat 'n vuurwapen, bv. 'n standaard Glock-pistool, kan omskakel na 'n outomatiese vuurwapen. Eienaarskap van enige nabootsings van 'n outomatiese of semi-outomatiese vuurwapens word ook verbied (dit sluit speelgoedgewere en gedeaktiveerde outomatiese vuurwapens in).*

Subartikel(g) "the minister may by notice in the Gazette declare any specified type of ammunition to be prohibited ammunition which may not be possessed in terms of this act if it is

(i) in the interest of public safety

(ii) desirable for the maintenance of law and order or

(iii) to ensure the safety of law enforcement officials".

Ons kommentaar/opinie: *Hierdie uitbreiding gee die Minister die reg om enige tipe ammunisie te verbied, en daarmee doen dit weg met die eienaar se reg om te besluit watter ammunisie die beste keuses is vir die unieke omstandighede, tipe vuurwapen of gebruik. Deur sekere ammunisie te beperk, word die gebruik van sekere vuurwapens ook beperk. Die redelike verwagting is dat nog meer vuurwapens as verbode verklaar kan word. Wat doen ons daaromtrent?*

ONS FOKUS DEURGAANS OP

Die stappe wat SA Jagters sal neem om implementering van hierdie wetgewing te staak, nl:

- **Neem regstappe** teen die regering om die voorgestelde wetswysigings te laat vaar.
- **Weerlê die anti-vuurwapen propaganda** en waninligting
- Beklemtoon dat dit elke wetsgehoorsame **burger se reg** is om 'n vuurwapen te besit
- Verskaf **kommentaar en petisies** wat duisende burgers 'n stem gee om die **regering se pogings te stuit**
- **Snoer kragte saam** met ander rolspelers in die bedryf vir **groter druk**